higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T850**(A)**(M28)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

28 Maart 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die regulering van verhoudings tussen die werkgewer en werknemer is een van die doelwitte van 'n werkgewerorganisasie.

1.1.2 Verteenwoordiging met betrekking tot wetgewing is 'n bekommernis vir werknemrorganisasie.

1.1.3 Opleiding is een van die voordele wat 'n vakbond aan sy lede kan bied.

1.1.4 Die akroniem MIF staan vir Motorinstrumentfederasie.

1.1.5 Die akroniem NUM staan vir Nasionale Unie vir Meganici.

1.1.6 'n Werknemer is NIE 'n persoon wat ooreenkomstig 'n dienskontrak werk NIE.

1.1.7 Die Wet op Werkloosheidversekering beheer die fondse wat beperkte voordele aan werkers, in die geval van ongeskiktheid en dood, en ook kraamvoordele aan vroulike werknemers voorsien.

1.1.8 'n Funksie van vakbonde is om werkers se griewe onder die bestuur se aandag te bring.

1.1.9 Siekverlof is nie 'n doelstelling van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes nie.

1.1.10 Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling sluit nie indiensneming van vakleerlinge in nie.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

waarborg; arbeidsdispuut; grief; posbeskrywing; afgevaardigde; pensioenfonds; vakman; garansie; ambagsman; voorsorgfonds

1.2.1 'n … spesialiseer in 'n werk wat spesifieke werkondervinding vereis.

1.2.2 'n … werk in 'n geskoolde beroep, spesifiek 'n beroep waarin dinge met die hand gemaak word.

1.2.3 'n … is die geld wat jy ontvang wanneer jy aftree.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 'n Lid kry een-derde van die totale uitkering in 'n enkelbedrag met aftrede en die res word in die vorm van 'n pensioen vir die lid se lewensduur betaal.

1.2.5 Om te … beteken om die verantwoordelikheid of magting om 'n taak uit te voer aan 'n ondergeskikte te gee.

1.2.6 'n … is 'n dokument wat die take en verantwoordelikhede vir 'n spesifieke pos uiteenstippel.

1.2.7 'n … is 'n onderneming deur vervaardigers om 'n item te herstel of te vervang indien iets binne 'n sekere tydperk verkeerd sou loop.

1.2.8 'n … is enige ontevredenheid of gevoelens van onregverdigheid in verband met 'n persoon se werksituasie.

1.2.9 'n … verwys na 'n meningsverskil by die werk met die werkgewer, wat tot 'n staking of ander vorme van aksie kan lei.

1.2.10 'n … bied dekking op die produk bo en behalwe die vervaardiger se waarborgperiode.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE faktore wat 'n werkgewer in aanmerking moet neem wanneer daar op beskermende klere besluit word om te verseker dat 'n fabriek veilig vir die werkers is. (2)

2.2 Noem TIEN onveilige werkomstandighede ten opsigte van die werkplek. (10)

2.3 Noem VIER faktore wat werker sal aanmoedig om beskermende toerusting in die werkswinkel te dra. (4)

2.4 Noem VIER ongelukke wat as gevolg van slegte huishouding in die werkswinkel kan voorkom. (4)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem die gevolge van goeie huishouding van die aanleg in 'n goed georganiseerde werkswinkel. (5 × 1) (5)

3.2 Gee die vereistes vir goeie masjienskerms in 'n werkswinkel. (8 × 1) (8)

3.3 Noem enige SEWE algemene beserings in 'n werkswinkel. (7)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Tabuleer die ysbergbeginsel onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Direkte versekerde koste

4.1.2 Bedekte koste

(4 × 2) (8)

4.2 Noem die voordele om aan 'n mediese hulpskema te behoort. (8 × 1) (8)

4.3 Noem VIER soorte voordele wat van die werkloosheidverskeringsfonds geëis kan word. (4)

[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF van die elf amptelike tale in Suid-Afrika. (5)

5.2 Defineer elk van die volgende terme:

5.2.1 Stedelinge

5.2.2 Plattelanders

5.2.3 Tradisie

(3 × 2) (6)

5.3 Noem VYF algemene soorte verslawende onwettige dwelms in Suid-Afrika. (5)

5.4 Noem VIER moontlike maniere waarop 'n bestuurder 'n alkohol- of dwelmverslaafde by die werk kan identifiseer. (4)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou